

## **BESTE PRAKTYKE VIR SAADPRODUKSIE**

### **1. VOORBEREIDING VAN MOERE**

- 1.1. Plant fisiologies ower moere aangesien meer halms per hektaar benodig word om 'n grootte verspreiding na die kleiner kant te verseker.
- 1.2. Verhoed blootstelling van spruite aan luise om die risiko van virusbesmetting te beperk.

### **2. PLANT**

- 2.1. Beplan om 200 000 - 250 000 halms per ha te vestig.

### **3. PLAAGBEHEER**

- 3.1. Die doop van moere is 'n hoë risiko. Behandel doopmengsel met 150 ml sporekill (kwatranere amonium) per 100 liter water om opbou van organismes te beperk.
- 3.2. Die sny van moere kan net oorweeg word onder koel planttoestande. Ontsmet messe met 2% sporekill oplossing na elke snit.
- 3.3. Doen bespuitings met tin-verbinding teen die einde van die seisoen om besmetting van knolle deur vroeë- en laatroes spore te beperk.
- 3.4. Behandel grond en of moere indien Rhizoctonia voorkom.
- 3.5. Aalwurm
  - 3.5.1. Bemonster grond vir die voorkoms van vrylewende aalwurms terwyl die vorige gewas nog leef.
  - 3.5.2. Beheer aalwurm deur met plant die grond te behandel en volg op indien nodig.
  - 3.5.3. Monitor aalwurm gedurende die seisoen deur 14 dae na opkoms monsters te laat ontleed en daarna elke 3 weke.
- 3.6. Hanteer knolle so droog as moontlik om die verspreiding van sagtevrot bakterië en swamme te beperk.
- 3.7. Ontsmet alle toerusting na hantering van 'n lot om die opbou van siektes te beperk. Store en koelkamers moet ook ontsmet word wanneer moontlik.
- 3.8. Verwyder alle grond en organiese materiaal op toerusting voor na die volgende land beweeg word om die verspreiding van Gouesist Aalwurm te verhoed.
- 3.9. Waak teen die voorkoms van silwerskurf/antraknose sodat maatreëls in plek gestel kan word om die verspreiding daarvan te beperk.
- 3.10 Begin eers oes na behoorlike skilset ongeveer 14-21 dae na loofdoed.
- 3.11 Knolle behoort so gou as moontlik na skilset geoes te word om die nadelige effekte van grondgedraagde siektes te beperk.

#### **4. OES**

- 4.1. Die risiko vir meganiese skade aan knolle raak veral hoog indien knolle hoër as 30 cm val gedurende enige stadium van hantering.
- 4.2. Verseker dat genoeg grond aanvanklik oor die uithaler mat beweeg om kneusing daar te beperk.
- 4.3. Maak seker geen meganiese beskadiging vind tydens verpakking plaas nie.

#### **5. ALGEMEEN**

- 5.1. Doodspuit van aartappellowwe met parakwat (Gramoxone) kan knolle beskadig indien plante onder vog en hitte stremming is.
- 5.2. Beperk blootstelling van knolle aan direkte sonlig tydens oes en hantering. Knol temperature > 30 °C sal kwaliteit benadeel.